Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Ongelukke deur onbedagsame vragmotorbestuurders

Die redakteur,

My man is oorlede in ‘n motorongeluk wat deur ‘n drywer van ‘n wipvragmotor (tipper) veroorsaak is. Die drywer het ‘n U-draai gemaak en reg oor die pad gestaan en my man is reg onderdeur die vragmotor.

Dis maklik om ‘n eis by die padongelukfonds in te dien, die drywer word aangekla van nalatige bestuur en dis die einde van die storie. Maar wat doen owerhede om die tipe ongelukke te verhoed?

Word hierdie tipe ongelukke genoeg ondersoek? Is dit elke keer dieselfde firma se voertuie of bestuurders wat in ongelukke betrokke is? Wat doen die transportmaatskappy om hulle drywers op te lei om beter bestuurders te wees?

Daar is nog tonne vrae wat gevra kan word, wat tien teen een onbeantwoord sal bly, maar dis tyd dat motorbestuurders meer bedagsaam moet bestuur.

Alles in vandag se lewe is ‘n gejaag na geld, maar geld kan nie ‘n lewe, ‘n man, ‘n pappa, ‘n vriend terugkoop nie.

Hartseer vrou

Standpunt

Dienste – waarheen is ons op pad?

Gebrekkige dienslewering, indien enige, het die afgelope twee weke weer die nuusfront in Rustenburg se noordelike uitbreidings oorheers. Sonder enige aankondiging moes inwoners van veral Ooseinde die dae en nagte om die beurt sonder water en andersins, sonder krag trotseer. In die meeste gevalle, sonder enige kennisgewing en/of verskoning van die Rustenburgse Munisipaliteit.

Vir minstens vier dae lank is Rustenburg Herald oorval deur inwoners wat net nie langer daarin kon slaag om hul frustrasie met die Rustenburgse Munisipaliteit se oënskynlike gebrek aan dienslewering, maar nog erger, munisipale personeel se gebrek aan begrip, te beteuel nie.

Talle lede van die publiek wat na herhaaldelik oproepe na die munisipale kantore waaruit hulle uiteindelik tog maar niks wyser geword het nie, letterlik nie meer geweet watter kant toe nie. Veral jong moeders met babas en kleuters in die huishouding het hul hande vol gehad om hul kinders en terselfdertyd die res van die huishouding te versorg.

Maar om by die punt te kom, vir hoe lank weet Rustenburg nou al dat kabeldiefstal ‘n reuse probleem in veral Ooseinde is? ‘n Mens kan werklik nie anders nie as om te wonder watter maatreëls die Rustenburgse Munisipaliteit intussen getref het om minstens ‘n poging aan te wend om hierdie tipe kladmisdaad te laat afneem of te “ontmoedig” sou pogings onsuksesvol wees om kabeldiefstal in hierdie area totaal te beperk.

Sou dit teen hierdie tyd onbillik van enigiemand wees om te meen dat die Rustenburgse Munisipaliteit besig is om belastingbetalers te “melk” deur bloot net die kabels op belastingbetalers se koste te vervang, net om daarna met “gevoude arms” toe te kyk hoe dit skaars ‘n week later net eenvoudig weer gesteel word? Daar is sedert onlangs selfs gerugte dat van die kontrakteurs wat op gereelde/permanente basis gekontrakteer word om die gesteelde kabels te vervang/te herstel, uiteindelik self vir die bose kringloop verantwoordelik is. Kan dit wees dat iemand by die Rustenburg Munisipaliteit moontlik “in” kan wees op hierdie tragiese verloop van omstandighede. Ook moet daar gevra word of hierdie moontlikhede oorweeg en ondersoek word. Indien nie, moet daar seker van die munisipaliteit ‘n antwoord kom oor hoe lank hierdie “Status quo” nog toegelaat gaan word om voort te gaan en mense se lewens tot die uiterste te verontrief. ‘n Mens moet onthou dat juis die mense wie se geld die onderhoud en moontlikheid van sodanige diens moontlik maak, die swaarste weens die gebrek daaraan ly…

Om by die tweede punt te kom. Nimmereindigende frustrasie soos hierdie gee vir ons inwoners van Ooseinde, maar alle uitbreidings en woonbuurtes in ons stad, finaal en meer as genoeg rede om eens en vir altyd die hoed by die huis te los en daadwerklike stappe te neem deur by die Rustenburgse Belastingbetalersvereniging aan te sluit. Dit is juis mense se gebrek aan belangstelling en optrede wat die hande sterk van diegene wat in die donker met konkelwerk besig is. Net so, is dit die publiek se huiwering om “betrokke” te raak, wat organisasies soos die Belastingbetalersvereniging kniehalter.

Is die nuwe Suid-Afrika nie al oud genoeg vir ons om te weet dat stilbly hoegenaamd nie ‘n antwoord is nie? Dit is tyd dat ons hande vat, dat ons eerste sê “ek sal” en dat ons die belange van ons gemeenskappe bo ons persoonlike belange stel. Slegs op hierdie manier sal ons dit regkry dat ons persoonlike belange vir ander mense belangrik word… (Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Update on electricity problems in Oos-Einde

The Editor,

We had numerous complaints from members in Oos-Einde about the Electricity problems.

At a meeting with the Mayor it was established that the municipality were in fact doing upgrades to the Electrical infrastructure in Oos-Einde and that is the reason for all power interruptions.

They promised to endeavour to properly inform the residence of such upgrades so that residents can prepare for such interruptions.

Rustenburg Ratepayers Association.

Keys found

The Editor:

My daughter Leoni (driving a silver Kia Picanto) gave a young man a lift and he accidentally left all his keys in her car.

Both his car keys (with spare) and house keys with blue remote and other keys on a long cloth leash holder were accidently left in her car. We would like to return them to him but have no information of the young man - except that he is from Sunnyside and visited people in Rustenburg (possibly Rustenburg East). Anyone with information can contact Leoni on 072 2349 285 or Joyce (her mother) on 071 26 00 127.

We know that this is important and would very much like to return the keys to him.

Joyce.

Kompliment aan SAP

Die redakteur,

Was ek nie verras gewees op Donderdag 29 September 2011 toe ek die plaaslike polisiestasie binneloop en al die veranderings aan die ontvangs en kantore sien nie.

Wie ook al hiervoor verantwoordelik was, ek was baie beïndruk. Aan die personeel aan diens by die vuurwapen-afdeling, hou aan met die diens wat julle lewer.

By enige besigheid of kantoor kry mens jou personeel wat omgee en hulle beste lewer en dan die ander wat nie soveel omgee nie. Dit is nie net by die SAP nie. Maar besoek die aanklagkantoor van Rustenburg en sien vir jouself.

Dawie Slippers.

Baie dankie!

Die redakteur,

Graag wil Dawie en Helen Slippers, Earl en Verna van Eeden baie dankie sê aan almal wat klere, kos, speelgoed en linne vir die kinders van House of Haven geskenk het.

Dankie aan Francois en Cynthia wat gehelp het met die aanry van die goedere. Laerskool Rustenburg vir al die blikkies kos. EG Kerk vir hulle skenking.

Ons harte gaan uit aan al die gebroke mensies. Die behoefte op hierdie stadium is kos, finansies vir tandarts en ook vir een seuntjie wat aan disleksie lei.

Die kleertjies wat oorgebly het, is by die Môrester Versorging afgelewer.

Enigiemand wat betrokke wil raak, kan vir Helen by 082 922 6481/014 594 1193 skakel.

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, ‘n party-politieke inhoud het of by implikasie ‘n advertensie vir ‘n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word ‘n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated.

Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.